Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, March 25, 2018
Page: 5

# Wat joune is, is myne – maar dan ook skuld

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Wat myne is, is myne en wat joune is, is ook myne. So sê my vrou. En sy weet. Ons is binne gemeenskap van goed getroud.

Uiteraard tong-in-die-kies gesê, maar kom ons kyk hierna in die lig van 'n leser se vraag. Hy en sy vrou is eweneens binne gemeenskap van goed getroud. Hul huis is 34 jaar gelede gebou en is net in sy naam geregistreer. Moet hy die titelakte laat verander? Wat gebeur by dood?

Jy hoef, wat my betref, niks te doen nie. Die titelakte is een ding. Mede-eienaarskap van die huis is 'n regsgevolg van die huweliksvorm. Deurdat julle binne gemeenskap van goed getroud is, besit julle elkeen 'n onverdeelde halwe aandeel in die gemeenskaplike boedel.

Wat betref die situasie by dood, kan julle elkeen jul onderskeie halwe aandeel in die huis laat vererf soos julle wil. Die ander party het nie seggenskap oor die bemaking nie.

Sou julle aan mekaar bemaak, sal die oorledene se halwe aandeel oorgaan na die langslewende en is dit vrygestel van hereregte. Ook kapitaalwinsbelasting, indien ter sake, word vermy, omdat die basiskoste slegs oorgaan na die langslewende gade. Daar kan 'n paar rand aan 'n aktesprokureur betaalbaar wees vir die wysiging in die akteskantoor.

Daar is gevalle waar bates (soos 'n huis of plaas) uitgesluit kan wees van die gemeenskaplike boedel. Bates kan vóór die huwelik uitgesluit word. So ook erfbates waar die oorledene bepaal het dat erfbates nie in die gemeenskaplike boedel val nie.

In so 'n geval sou ek ook aanbeveel dat die testateur bepaal dat nie net die bate self vrygestel moet wees van huweliksgevolge nie, maar ook die groei in daardie bate, anders val die bate buite die gemeenskaplike boedel, maar al die groei in waarde val in die gemeenskaplike boedel.

Op dié punt iets verder wat belangrik is om te verstaan. Al is die bate (hetsy geërf, of uitgesluit voor die huwelik) vrygestel van die gemeenskaplike boedel, geld dit slegs teenoor die huweliksmaat. Dit is nie vrygestel ten opsigte van derde partye nie. Daardie gewilde klousule in testamente wat bepaal dat 'n erfbate ook vrygestel sal wees van die insolvensie van die huweliksmaat is dus betekenisloos.

Ons sien in die appèlhofsaak Du Plessis vs Pienaar e.a. 'n toepassing van hierdie reël waar die hof bevind het dat hoewel sekere bates uitgesluit kan wees van die huweliksgevolge van 'n huwelik binne gemeenskap van goed, is albei partye verantwoordelik vir die skuld van die ander.

Eenvoudig en kort gestel: As jy binne gemeenskap van goed getroud is, kan die een nie skuld aangaan sonder die ander se goedkeuring nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.